Gimmie Griffie

6 September 2018

Webtuiste: www.gimmies.co.za ***Uitgawe: 26***

GEAGTE OUERS

Môre is 'n gewone skooldag. Ons volg dag 6 se rooster periode 1 tot 4. Daar is ook 'n toetsperiode. Al die leerders moet teenwoordig wees en ter wille van die TV-opname in somerskooldrag geklee wees. Ons vra dat leerders asseblief ons entrepreneurs sal ondersteun.

Ek en mnr. Martin Marx woon vanaf Maandag tot Woensdag die hoofde-simposium in Port Elizabeth by.

Ons wil weer u aandag daarop vestig dat 'n buitepersoon aangebied het om vanaf 2019 Toerisme as agtste vak aan te bied. Kontak die skool vir verdere besonderhede.

Baie sterkte met die naweek se wedstryde.

Gimmiegroete,
RA Oosthuizen

VOLGENDE WEEK SE PROGRAM

Dinsdag 11 September
Rugby: Indlelao/17-reeks (Wesvalia)
Gimmieraadopleiding 18:00-20:00

Woensdag 12 September
Muurbal: Potch-skoleliga
Gimmieraadsokkie

Vrydag 14 September
Rugby: Indlelao/17-reeks (Wesvalia)
Atletiek: PTA Top 30
Gimmie- en koshuisraadkamp

Saterdag 15 September
Gimmie- en koshuisraadkamp
Rugby 7's (Wagpos)

Sondag 16 September
Gimmie- en koshuisraadkamp

RUGBY 7'S: PROGRAM

Saterdag 8 September

A-Veld (o/17)
08:00 Ferdies vs. Gimmies
09:40 Gimmies vs. Middelburg
12:00 Gimmies vs. Wagpos

B-veld (o/15)
08:00 Gimmies vs. Middelburg

09:00 Gimmies vs. Wagpos

KRIEKET

Die eerstespan kolf eerste en teken 244 lopies vir 9 paaltjies in 50 beurte aan. Volkies kolf tweede en teken 244 lopies vir 8 paaltjies aan. Volkies wen met 2 paaltjies.

Die derdespan kolf eerste en teken 267 lopies vir 10 paaltjies in 40 beurte aan. Volkies kolf tweede en teken 166 lopies vir 10 paaltjies in 28 beurte aan. Gimmies wen met 101 lopies.

Die o/15A-span kolf eerste en teken 159 lopies vir 10 paaltjies in 42 beurte aan. Volkies kolf tweede en teken 160 lopies vir 5 paaltjies in 45 beurte aan. Volkies wen met 5 paaltjies.

Die o/15B-span verloor met 9 paaltjies teen Ferdies se o/15A-span.

RUGBY SEWES

Die o/17's se uitslae was soos volg:
Wen 31-0 teen Lichtenburg B.
Wen 35-21 teen Brits.
Wen 33-0 teen Wesvalia.
Wen 26-7 teen die *Barbarians.*
Verloor 5-12 teen Wagpos.
Verloor 12-15 teen KHS.

Die o/15's se uitslae was soos volg:
Wen 35-12 teen Vryburg.
Wen 35-0 teen Brits.
Verloor 0-17 teen Rustenburg.
Verloor 7-12 teen Wesvalia.
Wen 17-0 teen Wagpos.
Wen 31-24 teen KHS.

Baie geluk aan Giovanni Pestana en Billy Jacobs wat vir die Luiperds se o/17-sewesspan gekies is.

TENNIS

Die skool het inligting in verband met die NW-junior tennisproewe ontvang. Die volledige brief is by mee. Hanlie Smuts en Nadia Malan beskikbaar. Indien u die brief per e-pos wil ontvang, kan u me. Smuts kontak.

Ons versoek alle tennisspelers om asseblief aan die proewe deel te neem. Die sluitingsdatum vir inskrywings is 30 September en word aanlyn gedoen. Ouderdomsgroepe is o/14, o/16 en o/19. Ander ouderdomsgroepe geskied op uitnodiging.

MUURBAL

Liga-uitslae van 5 September:

Gemengde liga A span wen 12-0 teen Volkies A
Gemengde liga B span wen 8-6 teen Volkies B
Meisies liga verloor 3-7 teen *Girls High* 2

BERGFIETS

NW #4 – Lichtenburg
Brendan van Eeden, Joné van Eeden en Christiaan Smit was reekswenners.

Hierdie drie en Natasha Roets is in die NW-span opgeneem. Baie geluk!

DANS

Anellé Arbuckle het by die *SA IFAA* danskampioenskappe 8 trofees verower.

- Sy was die wenner in tien verskillende dansstyle met die hoogste gemiddeld per dans nl. 96%.
- Juniorwenner met 97.5% vir kontemporêre dans.
- Algehele wenner met die hoogste persentasie van 97.5%.
- Algehele wenner in ses verskillende dansstyle.
- Het in twee dansstyle algeheel tweede geëindig.
- Sy het een derde- en een vierde plek behaal.

- Anellé het Diamantspan in agt dansstyle gekry. Om dit te kry moet jou persentasie 95%+ per dans wees.
- Sy het SA-kleure in tien dansstyle gekry en daar moet die persentasie 90%+ wees.

Anellé is deel van die SA-span wat in 2019 Suid-Afrika by die Namibiese internasionale danskampioenskappe gaan verteenwoordig asook by die Europese Wêreldkampioenskappe in Barcelona, Spanje in 2020. Baie geluk, Anellé.

TONEEL

Potchefstroom Gimnasium se toneelstuk, *Duskant Vleesbaai,* het na die ATKV-Tienertoneel eindrondte, wat in Oktober in die Roodepoort Stadsteater plaasvind, deurgedring. Die akteurs is Christi Olivier, Zandelle Meyer en Ivan Reckling.

Die toneelstuk, *Dierepubliek,* gebaseer op George Orwell se boek, *Animal Farm,* het tydens die ATKV-Tienertoneel streeksuitdunne die derde plek verower en het ook na die ATKV-Tienertoneel eindrondte, wat in Oktober in die Roodepoort Stadsteater plaasvind, deurgedring. Die akteurs is: Dollah Kilimane, Francois Wiid, Lauren Williams, Philip Human, Buhle Molefi, Andrew du Plessis, Janco Mouton, Eben Maré en Gabby Mackenzie. Adriaan Minneé is die klankoperateur.

Gimmies is die enigste skool in die land wat met twee toneelstukke in die ATKV-Tienertoneel eindrondte kan spog!

SAASTA SCHOOLS DEBATES

Wiehan de Beer, Janrich Cronjé, Niel Bekker, Lukas Esterhuizen en Wiehan Jonker het die afgelope naweek 'n tweede plek tydens die Noordwes-uitdunne van die *SAASTA SCHOOLS DEBATES*-kompetisie behaal. Die *South African Agency for Science and Technology* (*SAASTA*) het die kompetisie geloods om jong wetenskaplikes se kommunikasie-vaardighede te verbeter en hulle aan te spoor om die invloed van wetenskaplike- en tegnologiese uitvindings krities te evalueer. Die debat het oor die gebruik van waterstof-brandstofselle gehandel en die span moes hul saak in Engels stel.

Ons is baie trots op die seuns wat 'n tweede plek in Noordwes behaal het.

SNAPSPEL: BESIGHEIDSIMULASIE

Baie geluk aan die volgende leerders wat as groep die Snapspel wen: Retha Bester, Anja Coetzer, Caitlin du Plessis, Henco Labuschagne, Zoé Labuschagne, Lebo Moeketsi, Giovanni Pestana, Christelle Potgieter, Amo Tabane, Charlandé Swanepoel en Marizaan van Dyk.

WETENSKAP-EKSPO

Baie geluk aan Michael Dennis wat deurdring na die nasionale Ekspo.

WOW-SPELFEES

Michelle Hammann behaal 'n derde plek in die Noordwes Wow-spelfees. Sy neem weer op 10 September deel. Baie sterkte, Michelle.

AFRIKAANS-OLIMPIADE

Karli Steyn is die Noordwes-wenner van die Afrikaans-olimpiade. Baie geluk!